

WAPENRUSTING – Skild van Geloof

1. PRAISE EN WORSHIP

2. YSBREKER: 1 – Faith walk

- Elke kind in die groep word geblinddoek
- Die jeugselleier loop voor – nie geblinddoek nie, en neem die groep op 'n 'walk'.
- Die leier kan hulle buitetoeneem, met trappe af, tussen die tafels deur – maak dit eeffe 'scary' vir die kinders, maar maak ten alle tye seker dat dit veilig is en dat niemand seerkry nie.

3. YSBREKER 2: Faith fall

- As dit moontlik is moet elke kind in die groep 'n beurt kry
- Maak weereens seker dat dit ten alle tye veilig is en niemand seerkry nie, as 'n kind simpel raak, laat hulle eenkant sit vir die doel van die ysbreker – veilig wees en voel is 'n ABSOLUTE vereiste!
- Laat die groep in 2 rye staan wat na mekaar kyk met hulle arms uitgestrek en mekaar se arms vasvat
- Die kind wie se beurt dit is staan voor die ry, en val terug in die groep se arms
- As die kind wie se beurt dit is dit toelaat, en die leier dink dit is veilig, dan kan die groep die kind van die een punt van die ry na die ander punt beweeg
- Leiers se diskresie is hier BAIE belangrik asb!!
- Meisies met kort rokkies kan NIE deelneem aan hierdie ysbreker nie, behalwe om die arms vas te hou

4. PROCESS DIE YSBREKERS:

- Het julle van die ysbrekers gehou? Hoekom/nie?
- Wat het jy nodig gehad om albei die ysbrekers te kon doen? Geloof of vertrou dat die persoon/persone wat in beheer is jou nie gaan laat seerkry nie.
- Het jy voor die tyd GEWEET dat hulle jou nie gaan laat seerkry nie, m.a.w. was daar BEWYSE daarvoor gewees? Nee, jy moes glo en vertou sonder bewyse!

5. SKILD VAN GELOOF:

- Vanaand gaan ons kyk na die volgende deel van die Wapenrusting – die Skild.
- Kom ons praat gou bietjie oor die Skild:
- Wie kan onthou wat die skild beskerm? Ons geloof
- Tot nou toe het ons gekyk na die dele van die Wapenrusting wat jy aansit/aantrek.
- Ons sit die belt aan, ons trek die borsharnas en die skoene aan.
- Wanneer ons dit aangesit of aangetrek het, dan bly dit daar, ons hoef dit nie verder vas te hou nie.
- Die Skild is anders, Paulus sê dat ons dit in ons hand moet hê/neem – iets wat ons moet ophang SODAT dit ons kan beskerm.
- Om dit net aan jou arm vas te 'strap' en dit nie op te lig gaan jou nie help nie!

6. VIDEOCLIP: Skild in die Bybelse tyd

7. VIDEOCLIP: Geloof – Daniel se 3 vriende in die vuuroond

8. VRAE IN DIE GROEPE:

- Praat bietjie oor hoe die skild in die Bybelse tyd gelyk het, bv die grootte daarvan, en hoe dit jou sou kon beskerm juis omdat dit so groot was.
- Wat het julle getref in die videoclip van Daniel se 3 vriende?
- Wat kan julle daaruit geleer?
- Wat is geloof? Gebruik Heb 11:1 om julle te help.

Heb 11:1 – “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie”

- Is dit altyd maklik om te glo?
- Wanneer is dit vir julle moeilik om geloof te hê / te glo?
- Waar kom geloof vandaan, word jy daarmee gebore, kom dit uit jouself uit? Gebruik Ef 2:8 om julle te help.

Ef 2:8 – “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; **dit is 'n gave van God**”

- Hoekom dink julle word juis die skild gebruik om die geloof te beskerm?

Dan 3:17-18 Die voorbeeld van Daniel se drie vriend –

‘n Skild beskerm ons, soos ‘n regte skild ons lyf beskerm, so beskerm geloof ons geestelike lewens, **VERAL** wanneer ons deur ‘n moeilike tyd gaan en die vyand probeer om ons vir sy ‘tricks’ te laat val. Toe die satan deur die koning probeer het om Daniel se drie vriende se geloof en waardes te probeer aanval, het hulle dit reg gekry om bly staan a.g.v. hulle geloof – hulle het geglo dat God hulle sou beskerm, en as Hy dit nie gedoen het nie was dit ook OK met hulle, want dan het hulle geglo het Hy ander planne met hulle!

Ef 6:16 – “Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die bose kan afweer”

‘n Skild beskerm – die enigste tyd wanneer die vyand jou vir sy ‘tricks’ kan laat val, is wanneer jy begin twyfel – nie meer glo – dat God in beheer is en dat HY die beste weet vir jou, en dat HY dinge sal laat uitwerk soos dit die beste vir jou is nie.

Wanneer jy in ‘n regte geveg is, is ‘n skild die eerste deel van ‘n wapenrusting waarmee jy jouself kan beskerm – jy wil tog nie bv jou kop die heelyd gebruik om elke aanval mee te beskerm nie. Wanneer ons glo, geloof het in God en dat Hy dinge sal laat uitwerk soos dit vir ons die beste is.

9. SLUIT AF MET GEBED IN DIE GROEPE EN KRY DIE SELFONE

